VERLENGDE INPERKING
HERDERSBRIEWE DEEL 2

27 APRIL 2020
HERDERSBRIEF #9B

Geliefde Gemeente,

Ek ervaar dat daar ‘n subtiele ongedefinieerde aanslag is wat op ons aandring, met die uitsluitlike doel om ons geloofslewe te onderdruk en te ondermyn.

Dit is in dié verband dat ek in my gees ervaar, dat dit teenstrydig is met dit wat Jesus Christus doen, en wat God vir ons beloof in ***3 Joh. 1:2 “Geliefde, ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy gesond is, soos dit met jou siel goed gaan.”***

Die bediening van Oral Roberts – Tulsa Oklahoma – in die geheel, is op hierdie waarheid gebaseer. God het vir Oral Roberts leiding gegee, om die bediening op hierdie waarheid – ***3 Joh. 1:2*** – te fundeer. Duisende het goddelike genesing ontvang, en het in hulle geloof die waarheid van genoemde teks ervaar.

Vanoggend egter, het die Heilige Gees hierdie waarheid opnuut in my geïnspireer. Dit is die Woord wat ek tot u wil rig, wie in hierdie tyd van inperking miskien, net maar miskien, in u emosies voel om saam met Job uit te roep: *“My hoop is afgesny*” – ***Job. 8:14***. Die geïnspireerde woord van God, is die lamp vir ons voet en lig op ons pad.

Voorts ervaar ek, dat dit die vyand se ingesteldheid is om ons geloofslewe af te plat, met die uitsluitlike doel om ons te probeer **ROOF**. Tereg soos wat Jesus vir Petrus gesê het: ***Luk. 22:31*** *“Simon, Simon, kyk, die Satan het vurig begeer om julle soos koring te sif.”* ***Luk. 22:32*** *“Maar Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie ophou nie;”* Voorwaar, ons word getoets.

**GEBED VIR EKD**:

Heilige Gees,
U is die wind in ons seile;
U is die lag in ons oë;
U is die soetheid in ons mond;
U is die durf in ons stap;
U is God’s geopenbaarde wil in en deur ons lewe;
U is ons skuilplek in ‘n tyd van storms;
In U, bestaan ons, leef ons en beweeg ons.
U is die meetsnoer van ons erfenis.
Kom Heilige Gees en vul ons: Amen.

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar



15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335